# Notule van Num-Num Huiseienaarsvereniging Algemene Jaarvergadering

## Gehou te Hartenbos Biblioteeksaal op 13 April om 18:00 2012

1. **Verwelkoming:**
   Die voorsitter heet almal teenwoordig welkom en in besonder nuwe eienaars. Hannes du Plessis open met gebed.

2. **Voorstelling van teenwoordige lede:**
   Alle lede teenwoordig kry die geleentheid om hulself voor te stel en 'n kort beskrywing te gee vanwaar hulle is, asook wanneer hulle beplan om te begin bou op hul erwe.

3. **Teenwoordigheid:**

3.1 Teenwoordig:

Wessel Schalkwyk (Voorsitter)
André Nel (Onder-voorsitter)
Piet Kamfer (Trustee)
Erena Jacobs (Trustee)
Christa du Plessis (Trustee)
Albert Theron (Trustee)
Phyllis Schalkwyk (eienaar en sekretaresse)
Denise Johnston (eienaar en ontwikkelaars verteenwoordigde)
Francoise Johnston (Mede-ontwikkelaar en eienaar)
Tom Kruger (eienaar)
Marie Kruger (eienaar)
Esmé Kruger (eienaar)
Pieter Conradie (eienaar)
Mariana Conradie (eienaar)
Jean Joubert (eienaar)
Hannes du Plessis (eienaar)

3.2 Afwesig sonder verskoning: Ria Brits (Trustee)

3.3 *Verskonings*: Marius Ferreira (Mede-ontwikkelaar), Minette Bruyns (eienaar), J&FC Burger (eienaars), en Anelize van Schalkwyk (eienaar).

3.4 Proksies:

Geldige proksies is ontvang van: Marina de Koker: Denise Johnston
Marili Retief: Denise Johnston
Jaco van Rensburg: Phyllis Schalkwyk
Heinrich van Rensburg: Wessel Schalkwyk

4. **Vorige Notule** – AJV 2011
   Die notule word voorgelees en goedgekeur deur: Albert Theron (voorgestel) en Erena Jacobs (gesekondeer).

5. **Uitstaande sake uit vorige notules:**

5.1 Erf 13: Daar word breedvoerig hieroor uitgebrei, o.a. belasting implikasie aan HEV. Wessel stel d duidelik dat geen uitsluitsel vanaand verkry sal word nie maar dat die wettigheid van die onttr

erf 13 deur die HEV bevraagteken word. Francoise vra dat dit in 'n amptelike skrywe aan Formador 13 gerig word vir verdere aksie deur beide ontwikkelaars.

5.2 Gastehuise: Nà 'n versoek ontvang van een van die eienaars om 'n gastehuis te bedryf, word besluit om dit nie toe te laat nie. Dit is teenstydig met die Argitektoniese en Dorpsbeplanningsvoorwaardes wat uitdruklik voorskryf dat "Geen besigheid wat besoeke deur klante genereer toegelaat word nie" (item 17).

5.3 Troeteldiere: Die aanhou van predatoriese troeteldiere (honde en katte) word FINAAL afgekeur.

5.4 Bankstate en dokumentasie (Jan 2008 tot Sep 2011): Na 'n besluit op Trustee vergadering van 19 Jan 2012, dat alle boekhouding en dokumentasie van die HEV bymekaar gehou moet word in een kantoor, is alles nog steeds nie ontvang nie. Denise noem dat sy alles wat sy gehad het reeds aangestuur het, maar dat die nagesiene finansies vir verskeie jare, aan Ria Brits oorhandig is toe sy as sekretaresse verkies is by AJV 1 April 2011. Denise sal nog 'n poging aanwend om dit van Ria te kry. Dankie Denise.

5.5 Staking van bydraes: Formador 13 (Ontwikkelaars) Wessel lig die vergadering in oor die geskiedenis van bydrae\skenking wat deur die ontwikkelaar gemaak is vir onverkoopte erwe. Dit was R200pm\erf vanaf Jan2008 tot en met 28 Sept 2009, waarna dit verminder is na R100pm\erf tot en met 29 Nov 2011. Op lg. datum is 'n epos van Francoise ontvang wat beklemtoon dat alle bydraes\skenkings gestaak word met onmiddelike effek en dat die uitstaande bedrag (R85 430) van die HEV se state verwyder moet word. (Afgeskryf word).

Hierdie bedrag is in die verlede as 'n inkomste op die HEV se balansstaat gereflekteer.

Francoise beklemtoon dat die ontwikkelaars dit nie finansieel verder kan bekostig nie weens ekonomiese omstandighede en die swak verkope van erwe. Almal het simpatie met die situasie maar is dit eens dat die uitstaande bedrag eerbiedig moet word deur die ontwikkelaars. 'n Voorstel op 'n vorige vergadering was dat hierdie bedrag teen die verkoop van erf 13 aan die HEV afgeskryf word. Francoise versoek weereens dat 'n amptelike skrywe aan Formador 13 gerig word in hierdie verband, waarop beide direkteure nà samespreking sal terug antwoord.

Albert noem op hierdie punt dat hy voel die ontwikkelaars se voorreg tot stemming vir onverkoopte erwe, asook die verpligte verteenwoordiging op die Trustee komitee dan moet verval. Francoise beklemtoon weereens dat hierdie bydraes nog nooit 'n verpligte betaling is of was nie. Wessel stel voor dat die item tot stemming gebring word, waarop Denise die wetlikhied van nie-verteenwoordiging bevraagteken. Na vele verdere bespreking word besluit om voortaan 4 Trustees vir die Trustee komitee te benoem volgens die grondwet, plus Denise as verteenwoordigde van die ontwikkelaars, m.a.w. 5 lede. André vra of daar 'n getekende proksie in plek is waarop Denise volmag gegee word deur beide ontwikkelaars om namens hulle op te tree. Aangesien dit nie in plek is nie, word besluit dat die ontwikkelaars buite stemming sal bly.

Francoise verduidelik voorts dat Denise slegs op vergaderings insit as verteenwoordigde van Formador 13 om die uitvoerings van die ROD voorwaardes te laat nakom en monitor en nie om besluite namens Formador 13 te neem nie.

5.6 Uitpen van footprints:

Na vele versoeke van voornemende kopers oor die posisie van footprints, asook 'n besluit op vorige veraderings (28 Sep 2009 en 10 Sep 2011) dat dit uitgepen sal word, is die versoek weereens aan die ontwikkelaar gerig om dit te doen. Denise bevraagteken die nodigheid daarvan en Francoise beam dat dit nié gedoen sal word nie.

5.7 Natuurbewaring en heiningsertikaat: Wessel lig die vergadering in dat hy in gesprek was met Barend le Roux van Cape Nature. Hy het telefonies bevestig dat hulle veldpersoneel sal uitstuur om heinings en die terrein te kom inspekteer en ook Num-Num op hulle databasis te registreer.

5.8 Verskuiwing van broodbome: Francoise betwis die feit dat daar ooit gevra is dat die broodbome vanaf erwe 56\57 verskuif word, hoewel daar reeds in Nov 2008 daarmee begin is, maar weldra weer gestaak is. Denise betwis die feit dat dit onooglik is en of dit werklik nodig is om te skuif. Hannes bevestig dat dit nie gaan oor onooglikheid nie maar bevraagteken die feit dat broodbome en bainesii's plaaslik inheems of endemies is. Hannes het 'n lys gekry van inheemse bome wat wel op Num-Num geplant mag word, maar

nie een van hierdie spesies verskyn daarop nie. Francoise antwoord hierop dat die ROD bevestig dat daar op die footprints SA inheems geplant mag word en buite die footprints plaaslik inheems. Aangesien niemand behalse die ontwikkelaars nog die ROD onder oë gehad het nie, word dit aangevra sodat die kantoor 'n kopie kan uitstuur aan elke eienaar. Ter afsluiting versoek Francoise weereens dat 'n skrywe deur die HEV in die verband aan hom in persoon gerig word.

**6. Voorgestelde veranderinge aan grondwet:**

Nà mondelinge voorstelle in die verlede, word die volgende items goedgekeur om te verander in die grondwet. Phyllis sal in samewerking met 'n prokureur dit doen en die gewysigde grondwet aan SARS, eienaars en Mosselbaai Munusipaliteit uitstuur. 'n Duidelike wysigings nommer en datum sal op die voorblad verskyn om te verseker dat die huidige grondwet uit sirkulasie geneem word.

6.1 Gedragskode: Dit moet deur die HEV opgestel word. 'n Epos sal uitgestuur word aan alle eienaars om te vra vir insette in hierdie verband, waarna die Trustee komitee dit sal verfyn.

6.2 Planfooie: Item 32.1.4.4 van die grondwet lui dat R1000 per maand betaalbaar is aan die HEV vir die duur van bouery. Hierdie item word geskrap in totaliteit.

6.3 Die bewoording "ouditeur" op verskeie plekke in die grondwet, word vervang met "Geregistreerde Boekhouer".

6.4 Vergoeding – Trustees: Item 6.6 lui dat geen vergoeding betaalbaar is aan Trustees nie. Dit word verander deur vergoeding te betaal aan Voorsitter en Admin Beampte vir die bedrag soos goedgekeur deur die HEV by die AJV. Die verandering word goedgekeur deur André en Piet.

**7. Veranderinge aan Argitektoniese Riglyne:** Phyllis sal die nodige goedgekeurde veranderings aanbring en uitstuur aan die lede.

7.1 Motorafdakke: (Nuwe item) Grys skadunet afdakke word toegelaat – voorbeeld by Du Plessis woning – Erf 18710\53

7.2 Heinings om boupersele: (item 4.6) Skadunet heinings word vervang met diamant draadheining, vir deursigtigheid en netheid van terrein.

7.3 Lys van inheemse plante: (item 2.4.12) Lys van toelaatbare plante (soos verskaf deur ontwikkelaar) en lys van inheemse bome (verskaf deur Mariana Conradie) sal aangeheg word by Argitektoniese Riglyne.

7.4 Geute: (item 2.4.6) Geute word toegelaat mits dit versteek word. Wessel sal detail uitsorteer en deurgee vir insluiting by Argitektoniese riglyne.

7.5 Sonpanele: (item 2.4.8) Sonpanele en –geysers word toegelaat mits die sonpanele strategies geplaas word, maar geysers MOET in die dakruim versteek word.

7.6 Boomplanting by nuwe huise: Eienaars van elke nuwe woning wat gebou word, sal voortaan verplig word om minstens 4 inheemse bome op eie onkoste op die erf te plant en te onderhou. By plantung 2.4.12

7.7 Betondak\stoep: (item 2.4.4) Hierdie item moet lees "3m hoër as vloervlak" in stede van "fondasie"

7.8 Motorhuisdeure (Item 2.4.3) Aluminium motorhuisdeure word goedgekeur mits die kleur inskakel met die muurkleur of dakkleur.

7.9 Dakbedekking: (item2.4.5) Geen ander dakbekleding as die gestipuleerde 3 sal toegelaat word nie. Die item bly dus onveranderd.

7.10 Dubbel rioolstelsels: (Nuwe item) Riool en gryswaterstelsels moet apart gekoppel word aan onderskeie sisteme. bygevoeg by Services 2.4.9

**8. Ongewingsbestuurplan en ROD:**

Wessel vra dat die ROD aan die kantoor gestuur word vir bestudering om te bepaal of die HEV enige verpligtinge moet nakom nà verkoop van alle erwe. Francoise bevestig dat alle verpligtinge tot by verkoop van laaste erf die verantwoordelikheid van Formador 13 sal bly. Daarna sal die verpligting skriftelik oorhandig word aan die Trustees\HEV.

9. **Voorsittersverslag:** Die voorsittersverslag is uitgestuur aan alle lede, maar geen kommentaar is hierop gelewer nie. Dit word dus as korrek aanvaar.

10. **Finansies:**

10.1 Boekhouer se oorsig: Phyllis lees die boekhouer se oorsig voor. Dit word ter insae in die notuleboek gehou.

10.2 Finansiële verslag: Phyllis lees haar finansiële verslag aan die vergadering voor. Dit word ook in notuleboek gehou.

10.3 Goedgekeurde begroting: Die begroting is reeds goedgekeur deur die Trustees. Phyllis gaan itemgewys daardeur met die vergadering. Geen kommentaar hierop.

11. **Algemeen:**

11.1 Herseël van paaie: Die eerste van 8 fases vir die herseël van paaie sal vanjaar geskied en op 'n roterende basis aangepak word.

11.2 Straatligte: Nadat die HEV vir L & F Elektries ingeroep het om straatligte te toets, is bevind dat daar kabels ondergronds af is. Hoewel die HEV hierdie diens per notule oorgeneem het, is dit duidelik dat dit nooit in geheel voltooi is nie. Die koste vir ondersoek tot op datum beloop R5452.96 wat reeds deur die HEV betaal is met goedkeuring van die trustees. Francoise het per epos laat blyk dat hierdie bedrag nie deur die HEV vanaf die ontwikkelaar verhaal kan word nie, omdat "beide direkteure nie tot die ondersoek toegestem het nie". Hy erken egter per epos en in die vergadering dat verdere toetsing ten bedrae van R1972.20 deur hulle betaal sal word. Hyself sal die aanstelling vir toetsing behartig en voor 30 dae die omvang met die nuwe Trustee komitee per vergadering bespreek.

11.3 Backup Battery: Christa doen navraag hieroor, aangesien dit soms gebeur dat inwoners buite die ontwikkeling is tydens kragonderbrekings, en dus geen wyse het om weer binne die ontwikkeling te kan kom nie. Die hek kan wel oorgeskakel word om dit met die hand oop en toe te maak, maar die slot sit binne die hekke. Francoise noem dat daar wel 'n back up battery is. Phyllis noem dat dit slegs op die Uit-hek is volgens die persoon wat dit installeer het. Hierdie punt sal op die volgende trustee vergadering bespreek word.

12. **Voorstelling van genomineerde trustees:** Daar is 4 nominasies voor die vergadering ontvang nl. Wessel, André, Erena en Christa. Jean Joubert word voorgestel deur Denise, asook Piet Kamfer deur André Nel tydens die vergadering.

13. **Verkiesing van Trustees**: Daar word stembriefies uitgedeel, en nà telling word die 4 nuwe trustees aangewys nl. **Wessel, André, Christa en Erena**, met Denise as ontwikkelaars verteenwoordigde.

14. **Volgende vergaderings:**

14.1 Die volgende AJV word voorlopig geskeduleer vir 12 April 2013

14.2 Die volgende Trustee vergadering sal plaasvind op Donderdag 3 Mei 2012 te Schalkwyk woning om 18:00

15. **Die vergadering verdaag.**

Goedgekeur op hierdie ........dag van ..........................................2012 te Mosselbaai.

.........................................

VOORSITTER